



KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 265

24 Augustus 2009

TOULEIER

Vastyd in die Sandland



Ons ondervind tans 'n heel skaflike daling in die temperature hier tussen die duine. Dit raak deesdae selde warmer as so 43 grade. Definitief 'n teken die winter is op pad!

Met die lekker hogere humiditeit wat oorwaai vanaf Indië se moessonseisoen hoef mens ook nie eers meer te oefen om in heerlike en gesonde sweet uit te breek nie - dit gebeur sommer spontaan.

Ook genoeg vog in die lug om te sorg dat jou bril sommer dadelik opwasem. Jy kan hom dus lekker gereeld skoonmaak sonder om te soos 'n slang te hoef blaas vir 'n bietjie wasem.

Met die aangebreek van Ramadaan is ons nou in vir 'n ander soort dertig dae en dertig nagte in die woestyn. Die manne vas mos heeldag. Nil per mond. Nie eens rook nie.

Dit sorg natuurlik vir onttrekkingsimptome en oorverhitte humeure hier teen sonder se kant. Die reeds gevaarlike bestuurders word net so 'n klein bietjie gevaarliker. Snaakste van als, verneem ek, is dat die meeste van die vassers eintlik gewig optel tydens Ramadaan. 'n Mense is goed honger as die son sak en jy weet dis môre weer heeldag niks eet of drink nie.

Selwers is die maand vir Jors Troelie heel welkom. Met dié dat ons nou slegs 6 ure per dag mag werk, kry ons nou elke dag halfdag en 'n mens is reeds teen eenuur by die huis. Dis asof ons nou oefen om vakansie te hou.

Kinderhuis-fonds groei

Na ernstiger en sake en ook bietjie goeie nuus. Daar by julle in Duskantland het die Bloemfonteinse Kinderhuisfonds darem met nog 'n R300 gegroei. Dankie aan die anonieme skenker.

Die saldo staan nou op n stewige R4808. Wie gaan hom vir ons daardie oor die R5000 merk-stoot? Want ons kindertjies mag nie swaarkry nie.

Niemand raai reg nie!

My raai raai riepa van die maand het nog GEEN regte antwoorde opgelewer nie! Hier is hy weer, gee die volgende nommer in hierdie reeks: 1919, 2020, 2121, 2222, 2323 . . . (die antwoord is ook 4 syfers). Daar is nog 'tyd' oor, stuur vir my jou antwoord of gaan sit hom in op die webwerf by www.onsdorp.com/augboelie.html .

Prysgeld: R200 geskenkbewys by Kalahari.com. Komaan, moenie so gou opgee nie!

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Spaar EN maak geld van die huis af!

Ek en my twee webmeestermaats Gerrie van *Die Knoop* en Danie van *Egafrikaans* kyk gereeld op die internet rond op soek na 'n geleentheid wat mens 'n meevallertjie kan bring.

Gereelde sakgeld. Iets wat jy van die huis af kan bedryf.

Ons het onlangs 'n goeie kat uit die boom gekyk en nou aangesluit by 'n splinternuwe geleentheid wat jou R200 in jou bank gee slegs 'n week nadat jy iemand suksesvol verwys het.

Dis al wat jy doen: Verwys mense en as hulle aansluit, kry jy nie net die R200 nie, jy kry daarna 'n gereelde kommissie solank as wat jy en hulle lede bly.

Die produkte spaar jou ook nog boonop R200 en meer op jou normale maandelikse uitgawes! Om meer hieroor uit te vind, gaan na die adres hieronder en vul die vormpie in. Kyk rustig na die aanbieding wat aan jou gestuur sal word. GEEN VERPLIGTING NIE.

Doen jouself 'n guns, hier is die plek:

<http://www.premierdirect.co.za/info/?sponsor=910754>

Doen dit sommer nou!



ROELFIE SLAAT RAAK

❖ Dié appel val lánks die boom

NOU is daar miljoene rande weg uit die ANC Sandputkinders se rekening. En daar is nie eers 'n ondersoek nie, net 'n verskoning: "Ons kan nie die mense wat die rekening hanteer blameer nie - hulle het nie opleiding in geldsake nie."

Maar hulle weet darem hoe om geld uit 'n rekening te skep?

Die ANC sit vol mense wat betrokke was by diefstal, bedrog en korrupsie en skotvry daarvan afgekomp het. So eintlik volg die Sandputkinders maar net die grootmense se voorbeeld.

Totdat Zuma nie hierdie kultuur van oneerlikheid en grypsug uitroei nie, sal niks verander nie. Die armes sal steeds sonder goeie behuising, skole en gesondheidsdienste sit, terwyl die ministers rondry in karre wat miljoene kos.

► **Ubuntu beteken mos ek is ryk omdat jy arm is, nie?**

❖ Drukkende probleem

HIERDIE storie is vir die waarheid aan Roelfie vertel, die een van die Gautengse vroue wie se waterdruk by die huis baie swak was.

Sy bel toe Rand Water om te hoor of dit die hele gebied geld, en of dit net haar huis se druk is wat so laag is.

Seg die dame by Rand Water: "Mevrou, ons verskaf net die water, ons verskaf nie ook die druk nie."

► **Wat sê 'n mens vir so iemand?**

❖ Verkeerde resep

HESA - dis nou Hoër Onderwys SA - het verlede week 'n verslag aan die volkiesraad uitgereik waarin hy sê die studente kan nie lees, skryf of somme maak nie.

Nou ja, dis eintlik ou nuus wat weer opgewarm word. En die skuld moet natuurlik op Uitkomsgebaseerde Onderwys gepak word: die stelsel wat op 'n mite gebaseer is en geen uitkoms bied nie.

Wanneer die matrieks met 'n onderskeiding in wiskunde in een jaar van 25000 tot 63000 styg, moet dit tog duidelik wees dat alles nie pluis is nie!

Die ironie is dat die nuwe minister van onderwys, die aartskommunis Lem Nzimande, juis die man is wat 15

gelede dié stelsel bekook het. Nou moet hy dit regmaak, en hy wil dit doen deur die universiteite te dwing om meer matrikulante toe te laat.

Dak, dan mure, dan fondament - is mos hoe die nuwe regeerders altoos wil maak.

► **Roelfie sien HESA helse gemors op pad . . .**

❖ Jollie patrollie



MENSE, maar dit gaan jollie in Tshwanetoria se metroraad!

Dinsdag maak die raad bekend dat hy Eskom amper R500 miljoen en Rand Water R65 miljoen skuld.

En wat doen die burgemeester, dr. Gwen Ramokgopa? Sy besluit Dondag dis tyd om die sorge te verdrink, en skop sommer 'n makietie vir die diplomatieke korps wat R2,5 miljoen kos - sowat R5000 per kop.

Hoekom? Om Tshwanetoria internasionaal as "wêreldklas-stad" ten toon te stel.

► **Pleks dat sy hulle helder oordag op 'n toer van die middestad vat om te wys hoe die plek in 'n verwaarloosde vullishoop verander het.**

❖ Vooruitgang

'n GESKIEDKUNDIGE foto van 1922 toon die Chapmanspiek-pad as 'n enkelbaan.

Die laaste jaar of wat al is dié Slaapstadse pad weens padwerke gesluit.

► **Dis nou wat 'n mens vooruitgang noem.**



Dali Mpofu, onder wie se leiding die SAUK 'n groot skuld las opgebou het, is sonder dat hy vervolgt is en met 'n goue handdruk van R14 miljoen vort.

Allegaartjie

DUBBELE BETEKENISSE

1. WATSENAAMS

Vroulik Enigiets onder 'n kar se enjinkap.
Manlik Die ding waarmee 'n bra vasgemaak word.

2. KWESBAAR

Vroulik As jy jousef emosioneel teenoor iemand anders openbaar.
Manlik As jy krieket sonder 'n boks speel.

3. KOMMUNIKASIE

Vroulik Om onvoorwaardelik jou gevoelens met jou metgesel te deel.
Manlik 'n Nota op die yskas voordat jy saam met die manne uitgaan.

4. VERBONDENHEID

Vroulik 'n Behoefte om te trou en 'n gesin te hê.
Manlik Om nie ander *girls* op 'n *date* te chaaf nie.

5. VERMAAK

Vroulik 'n Goeie fliek, konsert, opvoering of boek.
Manlik Enigiets wat 'n mens met 'n blik of 'n glas in die een hand kan doen.

6. FLATULENSIE

Vroulik 'n Embarrasserende newe-effek van slegte spysvertering.
Manlik 'n Oneindige bron van vermaak, veral tydens *male bonding*.

7. LIEFDE MAAK

Vroulik Die toppunt van intimiteit tussen twee mense.
Manlik Noem dit wat jy wil, solank ons dit net doen.

8. AFSTANDBEHEER

Vroulik 'n Toestel om na 'n ander TV-kanaal te verander.
Manlik 'n Toestel om in 5 minute deur 85 TV-kanale te *scan*.

9. VOORUITBEPLANNING

Vroulik Haal die wasgoed af voordat dit begin reën.
Manlik Koop twee kaste bier voor die langnaweek begin.

10. 'N ROMANTIESE AAND

Vroulik Kersligete, sjampanje, agtergrondmusiek, kaggelvuur, skuimbad, seks.
Manlik Seks.

Onthou jy nog?



Toe die skoolmeisies
nog springjurke gedra
het?



Toe die onnies hul hare
gereeld gedoen en lang
rokke en hoëhakskoene
gedra het?



Toe amper almal se
ma's ná skool tuis was?

VASVRA- PROGRAM OP BBC:

Aanbieder: Wat is die hoofstad van Italië?
Deelnemer: Frankryk.

Aanbieder: Frankryk is nog 'n land. Probeer weer.
Deelnemer: 'Mmm . . . laat ek sien. Benidorm.

Aanbieder: Verkeerd, jammer. Kom ons probeer nog 'n vraag. In watter land is die Parthenon?
Deelnemer: Parys.



Los my uit!
Jy kan mos sien ek slaap nou!

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

Die verhaal van Cor van Gogh

As daar ooit 'n voorbeeld van onuitputlike broederliefde was, dan is dit die storie van Theo van Gogh. Theo was 'n kunshandelaar wat morsdood (en tevergeefs) gesukkel het om mense te oortuig om die werke van sy broer Vincent aan te skaf.

Theo het egter ook nog 'n sukkelaar-broer gehad. Besoekers aan Pretoria kan op 'n marmarblad by die ingang na die Hervormde Kerk in Du Toitstraat die lys van name lees van Nederlanders wat gedurende die Anglo-Boereoorlog gesneuel het.

Onder die name is die van Cor van Gogh. Net dit. Geen verwysing wie Cor van Gogh nou eintlik was nie.

Ook miskien maar goed so. Alhoewel die kerk sy naam ingesluit het by dié wat in die oorlog gesneuel het, is dit 'n halwe waarheid. Ja, hy het gedurende die oorlog die tydelike met die ewige verwissel. Die koeël wat hom sy lewe gekos het, het nie uit 'n Britse soldaat se roer gekom nie. Soos sy beroemde broer, Vincent, het hy selfmoord gepleeg.

Cor se dood het tien jaar ná die Vincent plaasgevind. Dit was die tien jaar waarin Theo van Gogh desperaat gepoog het om broer Vincent aan 'n wye publiek van kunsliefhebbers bekend te stel.

Dit was ook die tien jaar waarin Cor van Gogh 'n sukkelbestaan in Suid-Afrika gevoer het.

Nou word daar gewonder of Theo nie dalk moontlik van Vincent van Gogh se werke na sy broer Cor in Suid-Afrika sou verskeep nie. Daar is goeie redes hoekom so 'n gewonder nie sonder rede is nie.

Cor het gesukkel om geldelik kop bo water te hou. As hy een of twee van sy beroemd-wordende oorlede broer se werke hier kon verkoop, kon dit 'n groot verskil aan sy gemoedstoestand gemaak het.

In 1886 is daar goud in Suid-Afrika ontdek. Skielik was daar talle mense in die omloop wat los kontant in hul sakke gehad het. Hierdie mense was potensiële kopers. Lionel Philips, Albert Beit, Cecil Rhodes en Abe Bailey was almal oornag ryk, en hul vrouens het gesmag om 'n Europese kunswerk of twee teen die mure van hul kastele te hang.

Cor van Gogh was egter so 'n sukkelaar dat – as daar ooit sulke skilderye hier in omloop was – hy dit waarskynlik as ruilmiddel sou gebruik het om huishoudelike skuld af te los.

Die moontlikheid is nie uitgesluit nie dat 'n oorspronklike Vincent van Gogh êrens bo die kaggel in 'n huis in die Suid-Afrikaanse platteland hang - sonder dat die eienaar van die waarde bewus is . . .

Die lewe in die LOOPGRAWE

DIE Boere het aan die begin hoofsaaklik 'n defensiewe oorlog gevoer, wat beteken dat hulle weke lank in gekomoeleerde loopgrawe was. Snerpende nagte, snikhete somerdae.

Reën het die ontberings vererger, en aan die Natalse front het die buitengewoon nat somer van 1899-1900 die Boere tot die uiterste beproef.

By Colenso het hulle ná stortreëns knidiëp in die water gestaan: die grond was deurweek, die komberse sopnat, klere en skoene verrot van die water en tente en ander beskuttings myle ver.

Alles was deurweek: geweer, patrone, sout, koffie en brood. Kans vir vuurmaak was daar nie.

Die vrees en ontspanning voor 'n geveg het grootliks verdwyn. Een burger het dit so onthou: "Weg is die spanning, die verskriklike vrees wat my netnou nog omklem het. Doodkalm soek ek nou my man uit, een vir een."



Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com



GEE KANS!

Jan en Piet sit vroegoggend – dis nog donker – en visvang.

Jan: "Het jy al ingegooi?"

Piet: "Nee, ek soek nog die glase."

SO 'N HAAN!

Die man het per ongeluk 'n hoenderhaan op 'n plaaspad doodgery. Hy klop aan die plaashuis se deur.

"Ekskuus tog," sê die man aan die boervrou. "Ek het jou haan doodgery, en ek wil hom graag vervang."

"Goed," sê die boervrou. "Die henne loop agter die huis op die werf. Help jouself."

GOEIE REDE

Koos ry in digte mis en kan nie goed sien nie. Hy besluit om die motor voor hom se agterliggies te volg. Skielik stop die kar en Koos ry DOEF! in hom vas.

Koos vlieg uit sy kar en skree op die ander bestuurder: "Hoekom stop jy so blerrie skielik?"

"Omdat," brul die man, "ek in my blerrie garage is!"

BRANDWEERWA

Die dorpsraad het 'n nuwe brandweerwa gekoop, en moes toe besluit wat om met die ou een te maak.

Die onderburgemeester kry toe 'n briljante idee.

"Hoekom gebruik ons hom nie vir die vals alarms nie?"

NUWE WOORD

Slaai-systapper: Beskrywing van 'n erg oorgewig persoon.

UITGESORTEER!

Toyota Suid-Afrika het die tegnie-se fout gekry wat veroorsaak het dat so baie minibusse rol.

Die probleem is glo by die moer wat die stuurwiel vashou.

GROOT STORIE

Die negejarige Jannie se ma vra vir hom wat hy in die Sondagskool geleer het.

"Wel," antwoord hy, "die juffrou het vertel hoe Moses agter die vyand se linies ingesluip het om die Israëliete in 'n reddingsaksie uit Egipte te lei.

"Toe hulle by die Rooi See kom, het sy weermag 'n brug gebou, en sy mense het veilig oorgeloo. Toe radio hy sy hoofkwartier vir versterkings. Hulle stuur toe bombardiers om die brug op te blaas sodat die Egiptenare dit nie kon gebruik nie."

Die ma is verstom. "Jannie," vra sy, "is dit regtig wat sy julle vertel het?"

"Nee, ma, maar as ek dit soos sy vertel, sal ma dit nooit glo nie!"

SO 'N KOEI!

Juffrou: "Klas, wat gee hoenders ons?"

Sannie: " Eiers."

Juffrou: "Ja. En wat gee boerbokke ons?"

Lettie: "Bokmelk."

Juffrou: "Reg. En wat gee 'n koei ons?"

Jannie: "Wiskunde en blerrie huiswerk."

HALSSTARRIG

Juffrou: "Maak 'n sin met halsstarrig."

Doortjie: "Ons het in die motor gery toe my boetie stink poep en toe sê my pa vir ons halstarrig asem."

HÄGAR deur Dik Browne



Ons vriendjies met vlerkies

Deur REINDERD VISSER



Hamerkop

Die hamerkop: super nesbouer

Hy word in sommige kulture gerespekteer en gevrees

Ek het in die verlede gesels oor 'n hele paar voëls wat WATER as hul blyplek verkies. Sommige woon letterlik op die water (eende, bleshoenders, obbertjies), terwyl ander – die sogenaamde waadvoëls – langs of in die vlak water rondwandel (soos strandkiewiete, elsies en reiers).

Vandag se koddige voël – die vuilbruin hamerkop (ook sy Engelse naam) met sy naamgewende kuif op die agterkop – pas by laasgenoemde. Hy is lief om al langs riviere, damme of by vleie te stap op soek na 'n roekelose padda of vissie wat sy skerp oë tart.

Meer as een leser het al vertel van hul dammetjie in die agterplaas met klein vissies in. Of dan - sonder vissies - nadat meneer hamerkop 'n paar keer 'n draai kom maak het. Vlak poele met klein talapias of selfs jong khoivisse is vir 'n hamerkop soos 'n kitskos-kafee. 'n Net oor die poel totdat die vissies te groot is vir die karnallie om te vang, is miskien 'n goeie idee.

Die hamerkop is, ondanks die ergernis wat hy vir 'n paar mag bring, eintlik 'n spesiale voël. Hy word gerespekteer en selfs in sommige kulture gevrees, en 'n afbeelding van een is al tussen oeroue rotstekeninge waargeneem.


Buiten vir enkele plekke soos Madagaskar en Suid-Arabië, kom hy net in Afrika voor en is enig in sy soort. En ja, ons het hom hier by ons ook. Hy is boonop 'n rekordhouer in eie reg – geen voël in die wêreld bou 'n groter nes as hy nie!

Dit kan 'n deursnee van tot 2 meter hê, is byna net so hoog en kan tot 100kg weeg! Die geduldiges wat hom al dopgehou het, sê dit kan tot 6 maande neem om 'n rêrige grote te bou. Hy versier sy nes met allerhande rommel, ook wat hy van jou ashope en selfs (by uitsondering) jou wasgoeddraad kan steel.

Dit gebeur darem nie gereeld nie, maar daar is al selfs 'n silwer teelepel in een se nes gevind. Binne-in hierdie deurmekaar massa is 'n tonnel en 'n kamer waar hy sy eiers lê.

Bye en uile is bekend daarvoor dat hulle hamerkopneste oorneem, en dan moet hy maar weer voor begin. Hulle word tot 20 jaar oud, dus is daar darem genoeg tyd vir die bou van 'n volgende rekordgrootte nes.

Hamerkoppe is redelik individualisties. Jy sien hulle selde in groepe saam, maar kom jy een (of sy nes) teë, kan jy gerus tyd afknyp om hom dop te hou.



Jy moet bekommerd raak as jy en jou perkoleerder dieselfde geluide begin maak

BRANDEWYN

'n Besoeker uit die stad gesels met sy plaasvriend.
 "Dis darem seker heerlik vreedzaam hier op die platteland," sê hy.
 "Ja," sê sy vriend, "maar daar is natuurlik ook nadele. As jy 'n brandewyn wil skink, is dit 'n uur se ry tot in die dorp."
 "Maar hoekom hou jy nie sommer 'n bottel brandewyn op die plaas aan nie?"
 "Brandewyn hou net nie op 'n plaas nie, Boet."

OPSKRIF

Sewe voet dokters kla hospitaal aan Lang manne, nè?



So 'n bietjie PITKOS

Kalenders

Gregoriaanse kalender

Die Gregoriaanse kalender is tans dwarsdeur die Westerse wêreld in gebruik, en is 'n wysiging van die Juliaanse kalender.

Dit is eerste voorgestel deur die Napolese dokter Aloysius Lilius, en is uitgevaardig deur die vernoemde, Pous Gregorius XIII op 24 Februarie 1582 (hierdie dokument is gedateer 1581 aangesien die kalenderjaar in daardie tyd in Maart begin het).

Die Gregoriaanse kalender was ontwerp omdat die gemiddelde jaar in die Juliaanse kalender effe té lank was, wat veroorsaak het dat die dag-en-nag-eweninge geleidelik vroeër in die kalenderjaar verskuif het.

Sjinese kalender

In die Sjina word die Gregoriaanse kalender normaalweg gebruik, maar die Sjinese kalender word nog gebruik om feesdae soos die Sjinese nuwejaar, voorjaar- en herfs-fees aan te dui, en by die astrologie. Aangesien elke maand die maansiklus volg, word die kalender ook gebruik om maanfases aan te dui.

Joodse kalender

Die Joodse kalender, ook die Joodse jaartelling of Hebreeuwse kalender genoem, is 'n kalender wat deur die Jode gebruik word en waarvan die jaartelling begin op die jaar wat geglo word die skepping (of die Anno Mundi) plaasgevind het. Volgens die Tenach word die datum van skepping geag dat dit in die jaar 3761 v.C. gebeur het.



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

BOTHA mfgreyvenstein@gmail.com

My oupa was Louis Johannes Botha geb.1908 oorl.1998 Ek soek meer inligting oor sy voorouers.Sy pa was Rudolph Phillippus Botha geb.1872 en sy ma Johanna Francina Swart geb.1879 oorl.voor1915. Stiefmoeder was Anna Francina Laas geb.1893. Hulle het in die Morgenzon-distrik gewoon .

ERASMUS rassie@worldonline.co.za

Ons is op soek na Madelyn Erasmus, noiensvan Kleinhans. In haar jong dae kom sy van Riversdal.

FABRICIUS cbsfabricius@yahoo.com

Familienamie is Jacobus Frederick en ook Daniël Jacobus.

JACOBS mfgreyvenstein@gmail.com

Ek wil graag meer inligting insamel oor my oupa Lou(w)rens Marthinus Jacobs. Hy en ouma was geskei en dus is daar geen inligting oor hom nie behalwe dat hulle in die Noord-Kaap gewoon het. Ouma was Maria Francina Muller geb.22 November 1919. Hulle het 2 kinders gehad Lou(w)rens Marthinus (geb 22 Desember 1944) en Jacoba Wilhelmina (geb 4 Jan 1946). Albei is in Kimberley gebore.

LOTTERING hvdwatt@telkomsa.net

Henriette vdWatt (Lottering)

Ek is ook besig met die Van der Watt-stamboom

SMUTS wismuts@lantic.net

Familienamie Gerhardus, Marthinus, Micha

Die uitsonderlikste ding van my ma is dat sy dertig jaar lank net oorskietkos vir etes voorgesit het. Die oorspronklike maaltyd is nooit opgespoor nie. -- Calvin Trillin



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Heerlike pannekoek

Kry ek op 'n koue dag 'n wonderlike e-pos vol smul resepte wat ek net moet deel! Maar aangesien my ruimte beperk is, sorg dat jy nie die volgende 2 nuusbriewe mis nie!

Daar is min dinge so lekker soos pannekoek of plaatkoekies op 'n koue winterdag. Sodra die eerste reënvlae ons tref of die snerpande koue almal na hul musse en serpe laat gryp, wil almal mos dadelik weet wanneer word die pannekoek gebak!

Pannekoek, wafels en plaatkoekies is 'n bederf waarvoor min mense nee dankie kan sê, of dit nou gevul is, mildelik bedruip word met stroop en room, of doodeenvoudig met kaneelsuiker en suurlemoen voorgesit word.

Pannekoeke, wafels en plaatkoekies word alles van 'n lopende beslag gemaak - die verskil lê in die dikte van die beslag, hoe dit lyk en hoeveel rysmiddels dit bevat.

Pannekoekbeslag is baie vloeibaar, ongeveer so dik soos dik room, en plaatkoekiebeslag is effens dikker. Wafelbeslag bevat rysmiddel, maar pannekoekbeslag min of niks.

Algemene wenke

- * Die beslag moet glad wees en kan met die hand of met 'n elektriese klitser aange-gemaak word.
- * Dit moet dertig minute of langer staan voor dit gebak word en moenie weer geroer word nie.
- * Die mengsels moet op 'n warm oppervlak gebraai word en nie omgekeer word voor dit aan die onderkant styf en gaar is nie.
- * Pannekoek, wafels en plaatkoekies is die lekkerste warm en vars gebak! Vir dun pannekoeke moet die beslag vloeibaar wees sodat dit vinnig in 'n dun lagie oor die boom van 'n warm pan kan uitsprei. Beslag sonder rysmiddels is ook gewoonlik dunner.
- * Dik pannekoek se beslag is dikker. Dit bevat bakpoeier en styf geklitste eierwitte word ingevou, wat dit baie soos plaatkoekies se beslag maak.
- * Gebruik 'n dikboompan, laat dit goed warm word en bestryk die boom met olie van 'n goeie gehalte. Giet die oortollige olie af. Dit behoort nie nodig te wees om die pan weer te smeer nie.
- * Die pan moet goed warm wees wanneer die beslag ingegooi word. Gebruik 'n maatkoppie of sop-opskeplepel en gooi elke keer ewe veel en net genoeg beslag in die pan.
- * Skud die pannekoek los sodra die rand styf en effens droog lyk. Draai dit om met 'n slaplem-mes of eierspaan, of as jy dapper is, gooi dit om en laat dit aan die ander kant ligbruin word. Laat die pannekoek op 'n warm bord uitgly.
- * Hou pannekoeke warm deur dit met velle waspapier tussenin op mekaar te stapel op 'n bord wat oor kookwater gesit is. As jy pannekoeke in die oond warm hou, word dit taai.
- * Diegene wat sagter pannekoeke verkies, kan brandewyn of suurlemoensap by die beslag roer.

Pannekoek

140 g koekmeelblom (250 ml)	5 ml bakpoeier
2 ml sout	2 eiers
200 ml melk	175 ml water
5 ml suurlemoensap	125 ml sonneblomolie

1. Sif die meel, bakpoeier en sout saam.
2. Klits die eiers, melk en suurlemoensap saam.
3. Voeg die meelmengsel by en meng dit goed.
4. Voeg die olie by en meng goed om 'n beslag, so dik soos room, te verkry.
5. Laat dit 'n rukkie staan.
6. Smeer 'n braaipan, liefs een met 'n kleefwerende afwerking, baie effens met sonneblomolie en verhit dit tot goed warm.
7. Roer die beslag en bak pannekoeke daarvan.

Dit lewer nagenoeg 12 middelslag pannekoeke.

En dis al waarvoor ek plek het vandag! Volgende keer volg die wafels en die plaatkoekies!

AGTEROS



Vetkoek-safari

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

"So kommie kok mank-mank byrie
tente aan mettie bakkie vetkoek. Kalm soosie
Dooie See, weet Oompie te vertelle."

Moet darem bely, oompie Doors wasse man wat die voorreg van vele belewenisse – toegee, sommige net kwartvaam waarhede – deurloop het. Soos hierie een.

So vertellie ou oppe dag vir my vannie keer toe hy, oorle oom Sluis Schietekat en Gert Pond, op laasgenoemde se uitnodiging en beursie, die stuk loop insit het Duitswes toe. Kwansuis om te gaan gênsbokke skiet doer naby die Etosha-wildtuin se grens oppie plaas van 'n kêrel mettie van Schneider. Plaas se naam was glo Leeupan.

Oompie Sluis wassie waterfiskaal in Lutzville. Nie saamgevat oorlat hy 'n wafferse jagter wassie, rerder oor sy kookkwaliteite. Wassie ou mosse oujongkêrel wat gekên het van kosmaak.

"Ou Swaerie" latie ou my verstaan, "om hierie storie na waarde te kan ag, moet jy onthou lat ou Sluis, uitie aard van sy nering, heeldag en aldag *gumboots* geloop staane dra het. Net die goed uitgetrek as hy saans innie kooi geloop klim het. En, o ja, daai slag innie jagveld. Die laaste keer was toe onsie ou loop staan en kis het. Konnie die deksel toekry mettie *boots* aanie."

Weetie ou te vertel lat mettie oppak, reis en afpak, g'n enkele een van hulle drie safarigangers iets voorbodigs innie plaas se naam ingelees hettie.

So's hulle toe oppe dag hier uitie Unie uit weg. Gert Pond se '58 Ford bakkie gelaai met al watte proviand, roer, koeëls en preserveermiddels is.

So loop slaatie jagters kamp op naby die grensdraad vannie wildtuin. Tentjies, takkraal, geheel en al mette kookskermpie. Loop hangie spannetjie lanterns aanie doringbome vir naglig enne sifsyfie virrie botter en vleiserigheid.

Braai hulle daai eerste aand 'n skaaptjoppie uitie Unie uit en wassit af met preserveermiddels uit Worcester en Montagu se wêreld uit. Wis hulle g'n stuk niks vannie leeu wat 'n paar dae tevore deur 'n gat in die grensdraad loop staane uitglip hettie. Baas vannie plaas sê ook niksie.

Eers daai eerste oggend sal hulle die spore rondom die kamp loop staane sien. Sê ou Pond, "Manne se manne, hier was so wragtig gisteraand 'n moerse leeu hier byrie kamp!"

Daai aand, vertel Oompie, loop staan en bak Sluis opslag vetkoeke. Rekenie ou lat die ruik van olie en meel nie leeus sal aanlokkie.

□ □ □

"So staanie man en bak, *gumboots* en al," vertel Oompie. Sommer virre ekstra beskerming teen slange en gifgoed weetie kok sy skoeisel te loop staane verdedig.

Vervat Oompie. "Kom ou Sluis mettie bakkie rooiwarm vetkoeke innie paadjie af. tente se kant toe. Sallie ou, innie flou lig vannie lanterns, loop staane sien hier sitte moerse groot leemannetjie innie paadjie. Volg die ou gelukkig die raad wat Pond ons vroeër daai dag bedien het. Loop staanie kok, hanne agterie rug, doodstil. Stiller asse miershoop."

"So waggie ou lat die leeu moet loop. Nes Pond geverdydelik het. Oorval 'n ligte bewe die ou se hanne en val een van daai vuurwarm vetkoeke ongemerk byrie ou se *gumboot* in. Brand soosie hel, maar Sluisie byt vas!

So staanie man ennie leeu mekaar innie oë en kyk en, so 'n vyf minute later, toe loop staane verloorie leeu eetlus en belangstelling en loop weg. Nes Pond gevoorspel het."

"Wis ons van g'n sout of waterie. Dis eers wattie leeu hier so skuins agterie tente verbyloop en met 'n moerse gebrul vir ons loop staan en nagsê, lat ons ook innie kôsert loop staane debuteer.

Val Pond rûens agteroor met sy gat inne vleishaak in en slaan ekkie lantern van pure skrik dood mette halfgelling wynkan. Kan en lantern desmoers. Watte skade."

So kommie kok mank-mank byrie tente aan mettie bakkie vetkoek. Kalm soosie Dooie See, weet Oompie te vertelle.

Sê Sluis, "Eet julle manne solank, ek wil nettie *gumboot* gaan uittrek solat ek daai drol kan uitskud en kyk hoe hy my been loop staane verbrand het."

Jou volgende KAMMANUUS land op

7 SEPTEMBER

Vasbyt!